Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 118/04

Datum verhoor: 2004-09-16

Datum gelewer: 2004-09-16

In die appél van:

**MICHAEL LEONARD ABRAHAMS** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* OLIVIER R

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant het in die streekhof tereggestaan op 4 aanklagte van huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Hy is op aanklagte 1 en 4 skuldig bevind aan die ten laste gelegde misdryf en is op elke aanklag tot 5 jaar gevangenisstraf gevonnis. Op aanklagte 2 en 3 is die appellant aan diefstal as bevoegde uitspraak skuldig bevind en is op elke aanklag tot 2 jaar gevangenisstraf gevonnis, waarvan die vonnis op aanklag 2 samelopend uitgedien word met die vonnis op aanklag 3. Die appellant kom in hoër beroep slegs teen sy skuldigbevindings en vonnisse op aanklagte 1 en 4.

2. Ten aansien van aanklag 1 was dit die appellant ten laste gelÍ deur die Staat dat hy op 20 April 2001 by die woning van die klaagster, Dorothy Reinecke, ingebreek het en sekere items gesteel het. Op dié aanklag het twee getuies getuig, naamlik die klaagster, Dorothy Reinecke,

sowel as haar seun, Cassidy Reinecke. Die klaagster het getuig dat sy en haar man die aand van die voorval uit was en dat sy by haar terugkeer ontdek het dat haar TV, mikrogolfoond, bababed en fiets buite die huis gestaan het in die reën. In haar kamer het sy ontdek dat die beddegoed deurmekaar gekrap is en sy het sekere items daarvan vermis. Sy het ook 'n nat jeansbroek en 'n nat sakdoek in haar kamer ontdek. Sy het verder hoorsÍ getuienis aangebied tot die effek dat haar kinders vir haar gesÍ het dat dit die appellant is wat die vermiste items geneem het. Sy het ook by die kinders verneem dat die appellant haar man se werksbroek aangetrek het en sy eie (nat) jeans daar gelos het. Mevrou Reinecke het verder getuig dat die appellant ongeveer drie dae na die voorval haar genader het en vir haar gesÍ het dat sy moet nie kwaad wees oor dit wat hy gedoen het nie. Die

appellant het toegang tot die huis deur die voordeur bekom, aangesien die voordeur nie heeltemal reg sluit nie. Sy het die nat jeansbroek uitgeken as die appellant s'n op grond van 'n unieke plakker wat daarop aangebring is, volgens haar.

3. Cassidy Reinecke, die klaagster se seun, is 15 jaar oud. Dit is opvallend dat hy nooit ondervra is ten aansien van die feit of hy die betekenis van die eed verstaan asook die verskil tussen die waarheid en 'n leuen nie. Hierdie feit is alreeds 'n fatale tekortkoming in die getuienis van dié getuie. Volgens dié seun het sy ma by die huis opgedaag en gevra waarom haar goed buite in die reën staan. Hy is na buite om te gaan ondersoek instel en het toe die appellant buite by die hek gesien staan. In die appellant se besit was die afstandbeheer van hul TV-stel. Hy het die appellant agternagesit maar kon hom nie inhaal nie.

Volgens hom het die appellant sy pa se werksbroek aangehad. Cassidy het verder getuig dat hy die appellant duidelik kon sien en dat daar voldoende beligting was.

4. Daar is etlike probleme in die getuienis van beide hierdie getuies. Die eerste is die ontoelaatbare hoorsÍ-getuienis gelewer deur die klaagster ten aansien van wat haar **kinders** haar meegedeel het. Uiteindelik is slegs een kind, te wete Cassidy Reinecke, geroep om te getuig. Hierdie kind se weergawe verskil wesenlik van dié van sy moeder. Volgens Cassidy Reinecke het sy ma hom wakker gemaak en toe uitgevra omtrent die goed wat buite rondstaan. Daarna het hy opgestaan en toe die appellant buite die huis in die straat gewaar. Op sy weergawe dus kon Cassidy nooit dié dinge wat sy ma beweer hy vir haar gesÍ het toe sy tuisgekom het, meegedeel het nie en kon hy ook nooit die appellant in die

huis gesien het nie.

5. Mevrou Reinecke het verder getuig dat die appellant teenoor haar erken het dat dit hy was wat die goedere by haar huis gesteel het. Haar weergawe oor wat presies die appellant aan haar meegedeel het is botsend van aard. Aanvanklik in haar hoofgetuienis het sy aangedui dat die appellant vir haar gesÍ het dat sy moenie kwaad wees nie, aangesien sy nie met hom wil praat nie. Sy het ook in hoofgetuienis aangedui dat die appellant gesÍ het:

"Okay, ek het jare verloor, ek kan '*kak'* vat".

In die kruisondervraging egter getuig sy as volg:

"Aunt Dor, moenie kwaad is nie. Ek is jammer ek het die goed gevat, maar jammer om die woord te sê, ek hoor ek het groot '*kak'* aangevang."

Daar is verder ook 'n weerspreking tussen die klaagster en Cassidy, deurdat die klaagster beweer dat die

appellant geweet het van die voordeur wat nie reg sluit nie. Cassidy aan die ander kant weerspreek sy ma en sÍ die appellant het nie daarvan geweet nie. Later sÍ hy weer dat hy nie kan sÍ of die appellant wel geweet het nie.

6. 'n Verdere probleem in die getuienis van Cassidy is dat hy toegegee het dat hy aanvaar het dat dit die appellant is wat die misdryf gepleeg het bloot omdat hy bekend is vir sulke tipe misdadige optrede. Daar was inteendeel by 'n hele aantal geleenthede getuienis gelei oor die appellant se misdadige karakter, sonder dat die landdros probeer verhoed het dat die getuienis gelei word. 'n Probleem in die Staatsaak is dat die nat jeans en sakdoek nooit voor die Hof geplaas is nie, ten spyte van die feit dat die polisie wel daarop beslag gelÍ het. Daar is dus geen onafhanklike stawing vir die klaagster se bewering dat die

jeansbroek aan die appellant behoort het nie.

7. Ek is van oordeel dat die Staat nie daarin geslaag het om die ten laste gelegde misdryf, of selfs enige bevoegde uitspraak daarop, te bewys nie. Dit is by my 'n ope vraag of die Staat hoegenaamd bewys het dat wie ook al die goedere van die klaagster geneem het, by die huis ingebreek het. Dit is egter nie nodig om dit te beslis nie, gegewe die gevolgtrekking wat ek bereik het.

8. Na my mening behoort die appellant se appél wat aanklag 1 betref te slaag ten aansien van skuldigbevinding.

9. Op aanklag 2 is dit die appellant ten laste gelÍ dat hy op 12 Julie 2001 die huis van die klaer, Rashaad Alexander, ingebreek het en sekere juweliersware gesteel het. Op hierdie aanklag was die klaer die enigste getuie. Hy het getuig dat hy op die dag van die voorval tuisgekom het en

die inbrekers op heterdaad in sy huis betrap het. Hy het handgemeen geraak met een van die inbrekers, wat hy later aangedui het **moontlik** die appellant is. Volgens Mnr. Alexander het hy tydens hierdie onderonsie die betrokke inbreker verskeie snyhoue in sy gesig toegedien met 'n broodmes. Die inbreker het egter weggekom. Volgens die klaer het hy later by sy seun verneem dat die polisie daardie selfde dag 'n persoon in die veld gekry het met snymerke in sy gesig. Dié persoon was klaarblyklik die appellant.

10. Die laaste gedeelte van die getuienis van die klaer wat ek hierinvantevore na verwys het is natuurlik ontoelaatbaar, aangesien die bron vanwaar hy dit verneem het, naamlik sy seun, nooit getuig het nie. Wat van belang is in hierdie aangeleentheid is die feit dat die klaer 'n enkelgetuie is en dat sy identifikasie gemaak is onder omstandighede waar

betroubaarheid 'n wesenlike probleem is. Hy was naamlik handgemeen met die inbreker en uiteraard moes hy vreesbevange gewees het. Dit is dan ook insiggewend om te let op sy getuienis in dié verband toe hy die appellant in die hof uitgeken het as die persoon met wie hy handgemeen was. Die getuienis het naamlik as volg verloop:

"Who is that person? -- ..... This chap. Because he was dark of complexion. He had this .....

COURT: Did you see his face clearly from the ... – No sir.
Stand up please sir? -- Yes sir.
Excuse me? -- **It looks like him.**"

Die landdros het in sy uitspraak bevind dat die klaer getuig het dat hy die appellant ken. Hierdie bevinding is egter nie korrek nie, want die klaer het juis getuig dat hy daardie dag die appellant vir die eerste keer gesien het. Uit die bovermelde aangehaalde passasie blyk dat daar

woorde ontbreek by die klaer se antwoord voor die woorde "*This chap*". In kruisverhoor blyk dit dan dat die ontbrekende woorde is: "*I do not know if it was (this chap)*.

11. Ek het juis die klaer se antwoord beklemtoon hierbo, want daaruit blyk dit dat hy by die uitkenning van die appellant in die hof nie seker was of dit wel die appellant was wat hy die dag in sy huis betrap het nie. Daar is verder geen toelaatbare getuienis dat dié inbreker in die huis wel die appellant was nie. Verder is dit opvallend dat, indien die hoorsÍ mededelings wat die klaer vanaf sy seun verneem het, korrek is, sou die persoon in die veld dieselfde dag van die inbraak, d.w.s. 12 Julie 2001, deur die polisie gearresteer gewees het, terwyl volgens die appellant se getuienis (wat bevestig word uit die gegewens in die klagstaat) hy eers op 17 Julie 2001 gearresteer is. Daar

is ook glad nie 'n uitkenningsparade gehou nie. Ek is die mening toegedaan dat daar nie voldoende betroubaarheidswaarborge vir die klaer se uitkenning van die appellant bestaan nie.

12. Die landdros maak 'n bevinding in sy uitspraak dat die appellant ten tyde van sy arrestasie bebloed was. Daar is egter geen getuienis, behalwe die hoorsÍ mededelings wat die klaer voorgehou het, om hierdie bevinding te onderskraag nie. Die landdros begaan dieselfde fout in sy bevinding dat die persoon wat in die veld gearresteer is, voldoen het aan die appellant se beskrywing. Daar is eweneens geen toelaatbare getuienis op die oorkonde wat só 'n bevinding kan rugsteun nie.

13. Die appellant het toegegee tydens sy getuienis dat hy wel merke aan sy gesig het, maar hy het verduidelik waar dit

vandaan kom. Daar is na my mening geen aanvaarbare, toelaatbare getuienis van Staatsweë wat hierdie verduidelikings van die appellant kon weerlÍ nie. So gesien dus, moes die appellant die voordeel van die twyfel gekry het en moes die landdros sy verduideliking as redelik moontlik waar aanvaar het.

14. Wanneer in ag geneem word dat die klaer 'n enkelgetuie asook 'n identifikasiegetuie is, is ek van mening dat die Staat nie sy saak bo redelike twyfel bewys het nie.

15. Samevattend dus is ek die mening toegedaan dat die appellant inderdaad ook behoort te slaag met sy appél teen die skuldigbevinding op aanklag 4.

16. **Ek gelas as volg: DIE APPÉL SLAAG EN DIE APPELLANT SE SKULDIGBEVINDINGS EN VONNISSE TEN AANSIEN VAN AANKLAGTE 1 EN 4 WORD**

**TERSYDE GESTEL.**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

________________

**CJ OLIVIER**

**REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPELLANT | : | MNR D JANSE VAN VUUREN |
| NAMENS RESPONDENT | : | ADV E VAN DYK |
| DATUM VAN VERHOOR | : | 2004-09-16 |
| DATUM VAN UITSPRAAK | : | 2004-09-16 |